



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**EKONOMIE V1**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 C – 'n komparatiewe voordeel ✓✓
1.1.2 D – Phillips ✓✓
1.1.3 A – sentrale ✓✓
1.1.4 B – huishoudings ✓✓
1.1.5 D – gemeenskapsmark ✓✓
1.1.6 B – massaproduksie ✓✓
1.1.7 C – Handel en Nywerheid ✓✓
1.1.8 A – vergoeding per werker ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D - pogings deur die owerheid om beleggings in ander gebiede as dié met 'n hoë konsentrasie van ekonomiese aktiwiteit te vestig ✓

1.2.2 I - koop van finansiële bates soos aandele op die aandelebeurs van 'n ander land ✓

1.2.3 E - konsultasie met handelsbanke om op 'n gewenste wyse te handel ✓

1.2.4 G - 'n kontanttoekenning wat aan vervaardigers gegee word om produksiekoste te verminder ✓

1.2.5 A - oordrag van eienaarskap van besighede van die private sektor na die openbare sektor ✓

1.2.6 H - 'n amptelike staatsverbod op die invoer van sekere goedere en dienste ✓

1.2.7 F - gee riglyne oor hoe openbare finansieringsboekhouding bestuur word om aanduiders te standaardiseer✓

1.2.8 B - sit die owerheid se breë benadering tot industrialisasie uiteen (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Vryswewende/buigsame ✓
1.3.2 Reële vloei ✓
1.3.3 Kuznets/ bousiklusse✓
1.3.4 Storting ('Dumping') ✓
1.3.5 Sosiale kapitaal/fisiese kapitaal/sosiale infrastruktuur✓
1.3.6 Kindermortaliteit /Infantiele mortaliteit✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE tipes verbruiksgoedere.**

- Nieduursame goedere ✓
- Halfduursame goedere/ Semi-duursame ✓
- Duursame goedere ✓
- Dienste ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe word leidende aanwysers in die vooruitskatting van sakesiklusse gebruik?**

- Leidende aanwysers word deur ekonome gebruik om 'n idee te kry van wat om te verwag in die nabye toekoms soos wat hulle verander voor 'n sakesiklus verander ✓✓
- Hulle gee verbruikers, besighede en die staat 'n vlugtige blik van die rigting waarin die ekonomie mag beweeg ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van 'n lekkasie in die uittreksel hierbo.**

Besparings ✓ (1)

2.2.2 **Noem enige EEN deelnemer in 'n tweesektor-model.**

- Huishoudings/verbruikers ✓
- Besighede/Firmas/Produsente ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *outonome verbruik*.**

Besteding in die ekonomie wat plaasvind ongeag die vlak van inkomste ✓✓/Vlak van besteding wat bestaan wanneer inkome nul is✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Waarom is die waarde van die vermenigvuldiger in 'n viersektor-model kleiner as dié van 'n tweesektor-model?**

- Die grootte van die vermenigvuldiger sal kleiner wees aangesien daar meer lekkasies (belastings en invoere) in die ekonomie sal wees ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Gebruik die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) van 0,6 en bereken die verandering in nasionale inkome as daar 'n belegging van R250 m was. Toon ALLE berekeninge.**

| | | |
|---|---|---|
| ΔY = ΔJ x k<br>= ΔJ x (1/1-mvg)<br>= ΔJ x (1/1-0,6) ✓<br>= ΔJ x (1/0,4) ✓<br>= 250 x 2,5 ✓<br>= **R625 m** ✓ | ΔY = ΔJ x k<br>= ΔJ x (1/msg)<br>= ΔJ x (1/0,4) ✓<br>= 250 x 2,5 ✓<br>= **R625 m** ✓ | = ΔJ x (1/1-mvg) ✓<br>= ΔJ x (1/1-0,6)<br>= ΔJ x (1/0,4) ✓<br>= 250 x 2,5 ✓<br>= **R625 m** ✓ |

OR
K = 1/1-mvg
= 1/1-0,6
= 1/0,4 ✓
= 2.5 ✓

ΔY = ΔJ x k
= 250 x 2.5 ✓
= **R625 m** ✓

(4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die term in die uittreksel hierbo wat na besteding op kapitaalgoedere verwys.**

Investering /Belegging✓ (1)

2.3.2 **Gee EEN rede wat die ekonomiese herstel van Suid-Afrika kan beperk.**

- Sosiale onrus/oproer ✓
- Korrupsie deur regeringsamptenare/ openbare sektor mislukking ✓
- Elektrisiteitstekort/Hoë koste van elektrisiteit ✓
- Stygende brandstofprys ✓
- Hoë koers van werkloosheid/armoede/lae verbruiksbesteding✓
- Swak gesondheid van werknemers ✓
- Disinvestering/gebrek aan investering ✓
- Natuurrampe ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *reële bruto binnelandse produk*.**

Die waarde van alle finale goedere en dienste wat binne 'n land vervaardig word, teen konstante pryse (aangepas vir inflasie) ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik die effek op sakesiklusse wanneer daar 'n styging in huishoudelike verbruik is.**

- Totale vraag sal toeneem, wat besighede sal aanmoedig om meer te vervaardig en die sakesiklus na 'n opswaai (uitbreiding) verander ✓✓
- Toename in verbruiksbesteding sal meer beleggings lok wat die ekonomiese aktiwiteit sal uitbrei ✓✓
- Toename in ekonomiese aktiwiteit sal meer werk skep ✓✓
- Toename in totale vraag kan vraagtrek-inflasie verhoog ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe kan die owerheid belasting gebruik om ekonomiese herstel te stimuleer?**

- Verminder persoonlike inkomstebelasting om huishoudings se beskikbare inkomste te vergroot en totale vraag in die ekonomie te stimuleer ✓✓
- Verminder maatskappybelasting om winsvooruitsigte vir besighede te vergroot sodat hulle meer goedere en dienste kan vervaardig/lewer ✓✓
- Indirekte belasting, soos BTW en sommige aksynsregte, kan verminder word om verbruikerbesteding te stimuleer ✓✓
- Gee belastingkortings of belastingvakansies aan nuut gestigte besighede sodat hulle hulleself kan vestig en meer kan produseer ✓✓
- Verhoog belasting op ingevoerde goedere (tariewe) om binnelandse produksie van goedere en dienste te stimuleer

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek die rol van die buitelandsevaluta-mark in die ekonomiesekringloop-model.**

- Die buitelandsevaluta-mark bestaan uit die finansiële instellings soos handelsbanke wat buitelandse geldeenhede koop en verkoop ✓✓
- Buitelandse valutamarkte fasiliteer internasionale betalings ✓✓
- Huishoudings, firmas en die owerheid benodig buitelandse geldeenhede om invoere uit die buitelandse sektor te kan koop ✓✓
- Firmas gebruik ook die buitelandsevaluta-mark om buitelandse geldeenhede wat hulle in ruil vir hulle uitvoere kry, te wissel ✓✓
- Wisselkoerse word bepaal deur die kragte van vraag en aanbod wat deur die volume van invoere en uitvoere beïnvloed word ✓✓
- Buitelandse valuta markte bepaal wisselkoerse deur die wisselwerking van vraag en aanbod ✓✓

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite of voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (8)

2.5 **Analiseer die uitdagings waarvoor Suid-Afrika in internasionale handel te staan kom.**

Suid-Afrika kan voor die volgende uitdagings in internasionale handel te staan kom:

- Onregverdige internasionale mededinging kom voor deurdat ontwikkelde lande hulle besighede deur subsidies bystaan wat hulle produk goedkoper as die Suid-Afrikaanse produk maak ✓✓
- Ontwikkelde lande kan hulle produkte teen baie lae koste (storting) na Suid-Afrika uitvoer wat tot die sluiting van plaaslike besighede kan lei. ✓
- Uitvoer van Suid-Afrikaanse produkte kan beperk word om die verspreiding van siektes tussen lande, soos Covid-19, te voorkom ✓✓
- Vraag na Suid-Afrikaanse landbouprodukte kan toeneem as gevolg van tariewe wat baie hoër is as dit wat op nywerheidsgoedere van toepassing is ✓✓
- Kwotas en embargo's (verbod) kan Suid-Afrika se uitvoervolumes beperk wat die invloei van buitelandse valuta sal verminder ✓✓
- Dis moeilik vir Suid-Afrika om landbouprodukte in ontwikkelde lande te verkoop as gevolg van subsidies wat deur hulle regerings/owerhede aan landbouprodusente verskaf word ✓✓
- Huidige internasionale handelsreëls oor nywerheidsubsidies is nie in staat om owerheidsbystand behoorlik aan te pak nie ✓✓
- Internasionalisasie van staatsbeheerde maatskappye se werksverrigtinge kan 'n ongesonde mededingende omgewing skep want OSB's in sommige lande trek voordeel uit binnelandse voorkeurbehandeling en goedkoop finansiering ✓✓
- Die meeste Suid-Afrikaanse besighede het 'n agterstand m.b.t. tegnologiese vooruitgang en verandering van sakepraktyke wat hulle minder mededingend maak en hulle slaag nie daarin om ten volle met die wêreldekonomie te integreer nie ✓✓
- Oormatige afhanklikheid van primêre sektorprodukte lei daartoe dat Suid-Afrika minder uitvoerverdienste genereer uit internasionale handel ✓✓
- Onstabiele wisselkoerse veroorsaak baie onsekerhede in beplanning vir Suid-Afrikaanse uitvoerders ✓✓
- Sosiale, politieke en ekonomiese skokke in ander lande, soos die Oekraïne en Rusland, verminder Suid-Afrika se vermoë om internasionaal handel te dryf ✓✓

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem TWEE nywerheidsontwikkelingstrategieë in Suid-Afrika.**

- Nasionale Navorsing- en Ontwikkelingstrategie/NNOS ✓
- Geïntegreerde Vervaardigingstrategie/GVS✓ (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is dit belangrik om die prestasie van die ekonomie te meet?**

- Om geskikte veranderinge in ekonomiese beleid te bepaal wat geïmplementeer moet word aangesien die ekonomie dinamies is ✓✓
- Om die doeltreffendheid te bepaal van ekonomiese beleide wat geïmplementeer is om die prestasie van die ekonomie te verbeter✓✓
- Om die prestasie van die land met sy eweknie te vergelyk ✓✓
- Om die bydrae van verskillende sektore tot die ekonomie te bepaal ✓✓
- Om inligting oor die ekonomiese toestande aan potensiële beleggers te verskaf ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die kommoditeit wat 'n belangrike verdiener van buitelandse valuta in Suid-Afrika is.**

Goud ✓ (1)

3.2.2 **Noem enige ander BRICS-lidland, behalwe China.**

- Brasilië ✓
- Rusland ✓
- Indië ✓
- Suid-Afrika ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *handelsliberalisering*.**

Die afskaffing van owerheidsinmenging in handelsvloei aan beide die invoer- en die uitvoerkant / Die opheffing van beperkings soos tariewe en kwotas op uitvoere en invoere om vrye vloei van goedere en dienste tussen lande toe te laat ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

3.2.4 **Verduidelik die impak van 'n daling in mineraalpryse op die Suid-Afrikaanse ekonomie.**

- Uitvoerverdienste sal afneem soos wat pryse van mineraaluitvoere, soos goud en platinum, afneem ✓✓
- Buitelandse vraag na Suid-Afrikaanse minerale sal toeneem, wat die handelsbalans verbeter ✓✓
- Invoerbetalings kan ook afneem soos wat pryse van belangrike invoere, soos olie, afneem ✓✓
- Produksiekoste vir vervaardigingsondernemings sal daal aangesien grondstowwe se (minerale) koste afneem ✓✓
- Koste om elektrisiteit op te wek sal afneem as gevolg van laer steenkool pryse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe baat Suid-Afrika deur 'n lid van BRICS te wees?**

- Suid-Afrikaanse besighede kan hulle produkte na Brasilië, Rusland, Indië en China uitvoer, sonder enige beperkings ✓✓
- Plaaslike verbruikers kan goedere en dienste uit Brasilië, Rusland, Indië en China invoer teen 'n laer koste ✓✓
- Suid-Afrika is in 'n beter posisie om buitelandse direkte beleggings uit Brasilië, Rusland, Indië en China te lok, wat meer werksgeleenthede skep ✓✓
- Om 'n lid van BRICS te wees verbeter die internasionale verhoudings van die Suid-Afrikaanse regering ✓✓
- Suid-Afrika het toegang tot fondse vir ontwikkelingsdoeleindes van die Nuwe Ontwikkelingsbank ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer 'n voorbeeld van gratis behuising wat deur die owerheid verskaf word.**

HOP-behuising ✓ (1)

3.3.2 **Gee enige EEN sosiale/maatskaplike probleem wat met informele nedersettings geassosieer word.**

- Hoë misdaadkoers ✓
- Swak dienslewering (sanitasie, water en elektrisiteit) ✓
- Siektes ✓
- Besoedeling ✓
- Oorbevolking ✓
- Armoede ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *verstedeliking*.**

Die beweging/migrasie van mense uit landelike na stedelike gebiede. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik die voordeel van behoorlike sanitasie vir lewensverwagting.**

Lewensverwagting kan verhoog omdat mense minder aan siektes blootgestel word ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan hoë bevolkingsgroei lewenstandaard beïnvloed?**

- Wanneer bevolkingsgroeikoers bo die reële BNP-groeikoers is, sal die lewenstandaard verlaag ✓✓
- Hoë bevolking kan lei tot tekort aan goedere en dienste as gevolg van hoë vraag ✓✓
- Meer mense lewe in armoede aangesien hulle nie daarin slaag om toegang tot werksgeleenthede te kry nie ✓✓
- Die owerheid kan daarin misluk om aan die hoë vraag na openbare goedere en dienste te voldoen lei tot swak lewenstandaard✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

3.4 **Bespreek kortliks die *Kleinsake-ondersteuningsprogram (KSOP)* en die *Vaardigheidsondersteuningsprogram (VOP)* as aansporings vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.**

**Kleinsake-ondersteuningsprogram**
- Hierdie program is ontwerp vir klein besighede met bates van R100 miljoen of minder ✓✓
- Hierdie aansporing bestaan uit 'n belastingvrye kontanttoelaag vir beleggings in nywerhede.✓✓
- Toelaes is beskikbaar aan nuwe besighede en besighede wat nog uitbrei. ✓✓
- Toelaes word vir drie jaar gegee waarna daar verwag word dat die besigheid selfonderhoudend sal wees. ✓✓ (2 x 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**Vaardigheidsondersteuningsprogram**
- Dit is 'n belastingvrye kontanttoelaag vir vaardigheidsontwikkeling ✓✓
- Die doel is om groter belegging in vaardigheidsopleiding aan te moedig en om nuwe, gevorderde vaardighede na die SA arbeidsmag te bring ✓✓
- 'n Maksimum van 50% van 'n maatskappy se opleidingskoste word vir 'n tydperk van 3 jaar gedek ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)

3.5 **Hoe kan uitvoere voordelig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie wees?**

Uitvoere kan die Suid-Afrikaanse ekonomie op die volgende wyses baat:

- Verbeter die gehalte van goedere en dienste soos wat besighede meer innoverend raak om wêreldklas-produkte te vervaardig ✓✓
- Genereer verkoopsinkomste in die vorm van buitelandse valuta wat gebruik kan word vir strategiese invoere soos olie ✓✓
- Verhoogde belastinginkomste vir die owerheid deur die uitbreiding van sy belastingbasis ✓✓
- Verbeter ekonomiese doeltreffendheid aangesien produksie teen die laagste moontlike gemiddelde koste gedoen sal word om wêreldmarkte te penetreer ✓✓
- Verhoogde reële BBP (uitvoergedrewe ekonomiese groei) deur die uitbreiding van uitvoerproduksie ✓✓
- Voeg waarde by natuurlike bronne van die land deur dit in klaarprodukte te verwerk wat teen hoër waardes uitgevoer kan word ✓✓
- Skep meer werksgeleenthede deur die vestiging van nuwe nywerhede (nywerheidsontwikkelingsones) vir uitvoerproduksiedoeleindes ✓✓
- Versterk die waarde van plaaslike geldeenheid (rand) aangesien uitvoere die aanbod van buitelandse geldeenhede verhoog ✓✓
- Verminder die betalingsbalansprobleme deur uitvoervolumes en -inkomste te verhoog ✓✓
- Verlaag binnelandse pryse soos wat produksie verhoog, wat plaaslike verbruikers baat ✓✓

(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MAKROEKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **NOEM enige TWEE metodes van invoervervanging.**

- Tariewe ✓
- Kwotas ✓
- Subsidies ✓
- Wisselkoersbeheer ✓
- Fisiese beheer (embargo) ✓
- Afwending van handel (invoerdeposito, gehaltestandaarde/ beheer en tydrowende doeaneprosedures) ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom lei internasionale handel na massaproduksie?**

- Wêreldmark is baie groter as binnelandse mark wat produksie van goedere op groot skaal aanmoedig ✓✓
- Uitvoer vereis die gebruik van nuwe tegnologieë (kapitaalintensiewe nywerhede) wat lei tot produksie op groot skaal ✓✓
- Internasionale handel vereis spesialisasie wat lei produksie van goedere in groot hoeveelhede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer enige jaar waarin Suid-Afrika in al vier kwartale 'n handelsoorskot ervaar het.**

2017 of 2020 ✓ (1)

4.2.2 **Noem die subrekening van die betalingsbalans wat deur die grafiek hierbo voorgestel word.**

Lopende rekening ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *lopende oordrag.***

'n Item wat die oordrag van geld, soos skenkings, geskenke en pensioen, vanaf Suid-Afrikaanse inwoners na nie-inwoners en omgekeerd boekstaaf/aanteken /Verwys na transaksies waarin goedere en dienste of finansiële items oorgedra word sonder om ekonomiese waarde in ruil te ontvang ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.2.4 **Verduidelik die effek op plaaslike brandstofpryse indien die rand depresieer.**

Die invoer van ruolie uit OPUL-lande sal duur raak wat sal lei tot 'n verhoging van plaaslike brandstofpryse ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Hoe kan 'n styging in rentekoerse die betalingsbalans verbeter?**

- Leen kan baie duur vir huishoudings wees wat besteding op invoere sal ontmoedig, wat die tekort op die lopende rekening sal verminder ✓✓
- Hoër opbrengs op finansiële beleggings aan buitelandse beleggers kan netto kapitaalinvloei skep, wat die saldo op die finansiële rekening vergroot ✓✓
- Hoër rentekoerse moedig plaaslike huishoudings aan om te spaar en ontmoedig besteding aan invoere, wat die handelsbalans vergroot/verhoog ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer enige frase in die uittreksel wat na toenemende werkloosheid in Suid-Afrika verwys.**

meer werk verloor as wat dit skep/ekonomie wat alreeds bedruk is/werksgeleenthede verloor ✓ (1)

4.3.2 **Noem enige EEN korridor in Suid-Afrika.**

- Maputo-ontwikkelingskorridor ✓
- Kus-tot-Kus-korridor ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die *streeksontwikkeling.***

Verwys na beleid wat ten doel het om die ekonomiese lewensbestaan van spesifieke gebiede of geografiese streke te verhoog wat onderontwikkel is ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Waarom het spesiale ekonomiese sones (SES's) 'n breër nywerheidsontwikkelingsdoelwit as NOS's?**

- Spesiale ekonomiese sones kan enige plek in die land geleë wees wat ekonomiese aktiwiteit in baie gebiede wat nie naby internasionale hawens geleë is nie, verbeter ✓✓
- Goedere wat in spesiale ekonomiese sones vervaardig word, kan enige plek verkoop word wat besighede in staat stel om ekstra inkomste te genereer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan nywerheidsontwikkeling die internasionale mededingendheid van 'n land beïnvloed?**

- Nywerheidsontwikkeling verhoog die verskeidenheid goedere en dienste (diversifikasie) wat na ander uitgevoer kan word ✓✓
- Sommige industriële ontwikkelingsmaatreëls, soos subsidies en aansporings, kan plaaslike besighede toelaat om goedere teen laer pryse uit te voer wat meer mededingend kan wees✓✓
- Gebruik van nuwe tegnologie in vervaardiging kan die kwaliteit van Suid-Afrikaanse uitvoere verbeter✓✓
- Nywerheidsontwikkeling deur uitvoerbevordering kan tot gunstige wisselkoerse lei.✓✓
- Wêreldklasinfrastruktuur om nywerheidsontwikkeling te bevorder kan ook help om meer direkte buitelandse beleggings te lok ✓✓
- Navorsing en ontwikkeling kan plaaslike besighede aanmoedig om nuwe produkte bekend te stel wat meer mededingend is as die huidige produkte✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.4 **Bespreek *verbruikersprysindeks* en *produsenteprysindeks* as ekonomiese aanduiders.**

**Verbruikerprysindeks**

- Meet die prys van 'n vaste mandjie verbruikersgoedere en dienste wat deur 'n tipiese Suid-Afrikaanse huishouding gekoop word✓✓
- Hou verband met 'n lewenskoste want dit dui op verandering in die koopkrag van die rand✓✓
- Kapitaal en intermediêre goedere is uit die mandjie verbruikersgoedere en dienste uitgesluit ✓✓
- VPI sluit belasting op toegevoegde waarde (BTW) en rentekoerse in ✓✓
- Pryse van ingevoerde goedere is nie uitdruklik getoon nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

**Produsenteprysindeks**

- Meet die pryse van goedere wat binnelands vervaardig word wanneer dit die fabriek verlaat ✓✓
- Hou verband met 'n produksiekoste want dit assesseer die impak van veranderinge in die relatiewe pryse van produksieinsette ✓✓
- Mandjie bestaan uit vervaardigde goedere asook kapitaal- en intermediêre goedere ✓✓
- PPI sluit belasting op toegevoegde waarde (BTW) en rentekoerse uit ✓✓
- Pryse van ingevoerde goedere word gemeet wanneer dit die land binnekom (by 'n hawe) ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) (8)

Kopiereg voorbehou 

4.5 **Analiseer die belangrikheid van prysstabiliteit om die ekstreme fluktuasies in sakesiklusse te voorkom.**

- Prysstabiliteit beheer spekulatiewe optrede onder besighede en verbruikers wat vraagkant- en aanbodkant-invloede op ekonomiese fluktuasies verminder ✓✓
- Positiewe verbruikersvertroue word aangemoedig wat besighede in staat stel om bestendige groei in produksievlakke te handhaaf ✓✓
- Groter amplitudes in die sakesiklusse word vermy deur stabiele pryse en skep groter sekerheid in die ekonomie ✓✓
- Stabiele pryse lei tot langer sakesiklusse wat die krag van die ekonomie toon en die ekonomiese groeibaan sal 'n opwaartse neiging hê ✓✓
- Handhaaf positiewe beleggersvertroue, wat die ekonomie in staat stel om 'n stabiele ekonomiese groeipad te volg ✓✓
- Minimaliseer owerheidsingryping wat tot uiterste ekonomiese fluktuasies kan lei ✓✓
- Stabiele pryse stel die SARB in staat om rentekoerse onveranderd te hou om voortdurende groei in die ekonomie sonder groot fluktuasies te verseker ✓✓
- Vraag na uitvoere word gehandhaaf wanneer pryse stabiel is, wat uiterste depresiasie van die plaaslike geldeenheid, met resessie geassosieer, vermy ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) **(8)**
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir die blote opnoem van feite/voorbeelde) **[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**VRAAG 5: MAKROEKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in besonderhede die redes vir openbaresektor-mislukking. (26 punte)**
- **Analiseer die impak van swak dienslewering deur die owerheid op sosio-ekonomiese regte. (10 punte)**

**INLEIDING**
- Openbaresektor-mislukking kom voor wanneer die owerheid misluk om die ekonomie en die hulpbronne onder hulle beheer optimaal te bestuur.✓✓
- Openbaresektor-mislukking kan beskou word as 'n mislukking van die owerheid om hulle hulle doelwitte te behaal.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**Bestuursmislukking** ✓
- Onkunde lei tot die implementering van botsende of verkeerde beleide ✓✓
- Onbevoegdheid in die openbare sektor kan wees as gevolg van verkeerde kwalifikasies, gebrek aan opleiding, ervaring en 'n apatiese ingesteldheid ✓✓
- Gebrek aan vaardighede kan lei tot verkeerde besluite en lae produktiwiteit ✓✓
- Korrupsie bestaan wanneer regeringsbeamptes hulle posisies vir persoonlike gewin, uitbuit. ✓✓
- Omkoopgeld te neem, bedrog te pleeg, nepotisme, oneerlik op te tree en om te diskrimineer. ✓✓
- Winssoekende gedrag is om die welvaart van iemand te verbeter ten koste van die welvaart van ander ✓✓

**Apatie/Onverskilligheid** ✓
- Regeringsamptenare toon min of geen belang in die lewer van 'n doeltreffende diens aan die publiek nie ✓✓
- Dit is nie altyd maklik om openbaresektor-amptenare tot verantwoording te bring nie as gevolg van die groot arbeidsmag in die verskeie departemente ✓✓
- Korrupsie en swak dienslewering is van die simptome van apatie ✓✓
- Mense in diens van die staat dien nie altyd die belange van die publiek nie ✓✓
- Openbaresektor-beamptes wil hulle salarisse, status en mag maksimeer en daar word nie van hulle verwag om 'n wins-en-verliesstaat te toon nie ✓✓
- Swak verantwoordbaarheid is die gevolg van lae motivering, swak opleiding en 'n gebrek aan bevoegdheid. ✓✓

**Gebrek aan motivering** ✓
- Voorste linie werkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering, maar word slegs gemonitor op insette/lewering en die daaropvolgende prosedures en prosesse. ✓✓
- Gebrek aan motivering lei tot beperkte dienste, hoë koste en swak dienslewering ✓✓
- Daar is geen maatstaf vir doeltreffendheid of produktiwiteit nie en min beloning vir uitstekende prestasie en penalisering vir swak prestasie nie. ✓✓
- Daar is nie genoeg stelsels ingestel om dienste wat regeringsamptenare lewer, te evalueer nie ✓✓

**Burokrasie** ✓
- Burokrasie maak beleide te lank om te implementeer of dit word nie suksesvol geïmplementeer nie, ✓✓ bv. amptelike reëls en prosedures✓
- Burokrate neig om reëls en prosedures te gehoorsaam sonder veel oordeel ✓✓

- Regeringsamptenare neig om meer geïnteresseerd te wees om reëls te gehoorsaam as om die goedere en dienste doeltreffend aan die mense te lewer✓✓
- Burokrate kan beleide manipuleer om hulleself ten koste van die mense te bevoordeel ✓✓

**Politici** ✓
- Politici neig om beleid te bevorder en geld op projekte te spandeer solank hulle in ruil daarvoor stemme kry. ✓✓
- Hierdie beleide kan dalk 'n ondoeltreffende toekenning van hulpbronne behels. ✓✓
- Politici kan hulle eie belang bevorder deur korrupsie, persoonlike en verskuilde agendas en twyfelagtige motiewe ✓✓

**Strukturele swakhede** ✓
- Doelwitte word nie behaal nie; volle indiensneming en huise vir almal is nie realistiese en haalbare doelwitte nie ✓✓
- Te aggressiewe herverdeling van inkomste en rykdom kan veroorsaak dat die regering nie hulle makro-ekonomiese doelwitte behaal nie ✓✓

**Spesiale belangegroepe** ✓
- Groepe soos vakbonde en sakegroepe kan ook veroorsaak dat die owerheid misluk. ✓✓
- Vakbonde kan die owerheid beïnvloed om sekere wette goed te keur om hulle lede te bevoordeel. ✓✓
- Sakegroepe kan die owerheid beïnvloed om winsgewende kontrakte en gunstige regulasies aan hulle te gee. ✓✓
- Besighede kan die owerheid beïnvloed om hulpbronne te versprei sodat hulle ten koste van die land daaruit kan voordeel trek. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word**

**(Maks 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

Swak dienslewering deur die owerheid kan sosio-ekonomiese regte beïnvloed deur:
- mense se deelname aan ekonomiese aktiwiteit te beperk as gevolg van swak infrastruktuurdienste soos elektrisiteit en watertoevoer ✓✓
- mense aan ongesonde of onveilige lewensomgewings bloot te stel as gevolg van swak sanitasie en gebrek aan behuising ✓✓
- kinders se reg op onderwys te skend as gevolg van 'n gebrek aan onderwys-infrastruktuur en -materiaal. ✓✓
- mense aan die dood bloot te stel deur swak gesondheidsorgdienste in sommige dele van die land ✓✓
- toegang tot behuising en eienaarskap van eiendom te beperk deur vertraagde menslike nedersetting- en behuisingsprogramme ✓✓
- mense aan misdaad bloot te stel as gevolg van swak en onbetroubare beskermingsdienste deur die SAPD en weermag. ✓✓
- mense se reg op waardigheid te skend deur nie behoorlike sanitasie en behuising in sommige dele van die land te verskaf nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**'n Maksimum van 2 punte kan vir blote lys van feite toegeken word (Maks 10)**

**GEVOLGTREKKING**
- Suid-Afrika het 'n kreatiewe en mededingende privaat sektor nodig met nuwe tegnologieë wat entrepreneurs kan help om in nywerhede in te gaan wat deur die owerheid gedomineer word. ✓✓

(Aanvaar enige ander hoërorde-gevolgtrekking.) (Maks 2) **[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in besonderhede die vraagkantbenadering om ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (26 punte)**
- **Evalueer die sukses van breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging om ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder. (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

- Die vraagkantbenadering behels diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleid met die doel om die vlak van totale vraag, dus uitset (lewering/produksie), te verander. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**MONETÊRE BELEID** ✓

- Die SARB is medeverantwoordelik vir die formulering en implementering van Suid-Afrika se monetêre beleid. ✓✓
- Hulle primêre doel is om die waarde van die geldeenheid te beskerm deur pryse ten opsigte van inflasieteikens te stabiliseer. ✓✓

**Monetêre beleid sluit die volgende instrumente in:**

**1. Rentekoersveranderinge** ✓

- Dit word gebruik om kredietskepping te beïnvloed deur krediet duurder of goedkoper te maak. ✓✓
- Rentekoersveranderinge word ook gebruik om die wisselkoers te stabiliseer deur kapitaalinvloei of -uitvloei aan te moedig om te sorg vir 'n tekort of 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans. ✓✓

**2. Opemarktransaksies** ✓

- Om krediet te beperk, verkoop die SARB sekuriteite. ✓✓
- Wanneer banke hierdie sekuriteite koop, vloei geld uit die banke na die SARB.✓✓
- Die banke het dan minder geld om uit te leen en kan nie soos voorheen so baie krediet verleen nie. ✓✓
- Om kredietskepping aan te moedig, koop die SARB sekuriteite op die ope mark.✓
- Geld vloei dan in die bankstelsel in. ✓✓
- Die banke gebruik die geld om krediet te skep. ✓✓

**3. Morele oorreding** ✓

- Die SARB konsulteer met banke en oorreed hulle om op 'n gewenste wyse op te tree ten opsigte van die ekonomiese toestande wat op daardie tydstip heers. ✓✓
- Die oorreding is dikwels gekoppel aan transaksies van die SARB in die geldmark.✓✓
- Die SARB kan 'n beroep doen op bank wat nie toegewend is nie, om meer toegewend te wees met die toestaan van krediet..✓✓
- Regeringsekuriteite kan op ope markte verkoop word om oormatige likiditeit te dreineer sodat banke minder geld het om uit te leen. ✓✓

**4. Kontantreserwevereiste** ✓

- Die SARB kan kontantreserwevereistes verminder ten einde geldskepping te verhoog ✓✓
- Dit sal geldvoorraad vergroot en totale vraag stimuleer wat daardeur besighede stimuleer om meer te produseer/lewer✓✓

**5. Wisselkoersbeleid** ✓

- Die SARB gebruik die vryswewende wisselkoersstelsel om kragte van vraag en aanbod in staat te stel om die wisselkoers te bepaal ✓✓
- Dit stel plaaslike pryse in staat om aan internasionale pryse te koppel✓✓
- Wisselkoers pas hulleself aan met minimum staatsingryping ✓✓

**FISKALE BELEID** ✓

- Die Nasionale Tesourie is verantwoordelik vir die formulering en implementering van fiskale beleid in Suid-Afrika ✓✓
- Die hoofdoelwit van fiskale beleid in Suid-Afrika is om makro-ekonomiese groei en werk te stimuleer, en om 'n gewenste herverdeling van inkomste (ekonomiese gelykheid) te verseker. ✓✓
- Die stabiliteitsdoelwit, ten opsigte van pryse en wisselkoerse, word meesal aan monetêre beleid oorgelaat. ✓✓
- Die owerheid stel hulle besteding en belasting op so 'n tyd en wyse saam dat dit die kans dat dit die makro-ekonomiese doelwitte behaal, sal verbeter. ✓✓

**1. Progressiewe persoonlike inkomstebelasting** ✓

- Hoë-inkomste-verdieners word teen hoër koerse belas as lae-inkomste-verdieners. ✓✓
- Die belastings word gebruik om maatskaplike ontwikkeling te finansier. ✓✓
- Die armes trek groter voordeel as diegene met 'n hoër inkomste. Voorbeelde is die maatskaplike loon en maatskaplike toelaes soos pensioene. ✓✓

**2. Welvaartsbelasting** ✓

- Eiendomme soos huise, kantore en fabrieksgeboue in stedelike gebiede word jaarliks belas. ✓✓
- Oordragbelasting/hereregte word betaal wanneer eiendom gekoop word. ✓✓
- Sekuriteite (aandele en verbande) word belas wanneer dit verhandel word. ✓✓
- Kapitaalwinsbelasting (KWB) word gehef op winste verdien op die verkoop van kapitaalgoedere, soos eiendom en aandele. ✓✓
- Boedelbelasting word gehef op die boedels van persone wat gesterf het. ✓✓
- Belastings word gebruik om ontwikkelingbesteding te finansier wat die armes meer baat as diegene wat nie arm is nie. ✓✓

**3. Kontantvoordele** ✓

- Ouderdomspensioene, ongeskiktheidtoelaes, kinderonderhoudtoelaes en werkloosheidversekering is belangrike kontanttoelaes. ✓✓

**4. Voordeel in natura/goedere** ✓

- Dit sluit in die verskaffing van gesondheidsorg, onderwys en skoolmaaltye, beskerming, munisipale dienste en infrastruktuur. ✓✓
- Wanneer gebruikersfooie gehef word, baat arm mense en lae-inkomste-verdieners meer as ander omdat hulle niks betaal nie of minder as hoë-inkomsteverdieners betaal.✓✓
- Beperkte hoeveelhede gratis elektrisiteit en water word verskaf.✓✓

**5. Ander herverdelings** ✓

- Sommige makro-ekonomiese beleide het voordele wat arm en lae-inkomste-verdieners begunstig. ✓✓
- Openbarewerke-programme, bv. verskaf werk en Strategiese Investeringsprojekte (SIP'e) verskaf werksubsidies en 'n aantal ander kontant- en finansiële voordele aan KMMO's. ✓✓
- Voorheen benadeelde persone kry voorkeur. ✓✓

**6. Grondrestitusie en grondherverdeling ✓**

- Die doel van grond herstel is om grond terug te gee (of om in kontant te vergoed) aan diegene wat hulle grond as gevolg van diskriminerende wette verloor het. ✓✓
- Grondherverdeling fokus op grond vir residensiële (dorp) en produktiewe (plaas) gebruik. ✓✓
- Die doel is om 30% van die land se landbougrond aan voorheen benadeelde persone te herverdeel (te gee). ✓✓
- Die geld vir hierdie regstelling- en herverdelingsprogramme word by die hoofbegroting ingesluit. ✓✓

**7. Eiendomsubsidies. ✓**

- Subsidies help bevoordeeldes om eienaarskap van vaste residensiële eiendom te bekom.✓✓
- Die regering se behuisingsubsidieskema verskaf befondsingopsies aan alle geskikte persone wat minder as R3 500 per maand verdien. ✓✓
- Die geld vir hierdie skema kom uit die hoofbegroting.✓✓

**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word**

**(Maks 26)**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) het daarin geslaag om:**

- Voorheen benadeelde groepe deur die stelsel te bemagtig deur hulle in senior posisies in die private en openbare sektore aan te stel ✓✓
- Baie voorheen benadeelde mense aktief by die ekonomie van die land te betrek✓✓
- Geleenthede vir opkomende jong entrepreneurs te skep om die sakewêreld te betree ✓✓
- Toeganklikheid van oop sakegeleenthede in die verskillende sektore van die ekonomie aan te bied✓✓
- Die aantal swart mense in aandeelhouding in groot maatskappye te vermeerder✓✓

**Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) is nie suksesvol nie omdat:**

- Min mense trek voordeel uit BBSEB as gevolg van korrupsie deur top regeringsamptenare ✓✓
- Frontvoorhouding ('Fronting') lei daartoe dat die verkeerde mense by die BSEB-programme baat vind.✓✓
- baie swart mense het nie die vaardighede en ervaring om seniorbestuursposte in veral groot maatskappye te beklee nie ✓✓
- Swart mense het nie kapitaal om besighede te vestig of om aandele in groot maatskappye te koop nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**'n Maksimum van 2 punte kan vir blote lys van feite toegeken word (Maks 10)**

**GEVOLGTREKKING**

- Om ekonomiese ontwikkeling te behaal, moet ekonomiese groeikoers die bevolkingsgroeikoers oortref. ✓✓

(Aanvaar enige ander hoërorde-gevolgtrekking.) (Maks 2)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou